**MEDIA RELEASE**
**by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)**

**24 FEBRUARY 2011**

**Tax payers paying for ANC's centenary**

"Will the ANC come clear on precisely how much the tax payers will in the end cough up for the ANC's centenary next year, following the government's admission that these funds are already being used, and will be used for this purpose? From the budget itself, it is impossible to make such a deduction, as these funds will be allocated from different purses, and not identified as such. Yet, at this stage it has become apparent that the tax payer paid for a conference in Addis Ababa as part of the centenary celebrations in the form of allocations to full time civil servants who are being deployed."

"We regard this as nothing less than corruption and the misuse of public funds, and appeal to government to stop this, and repay money already used for this purpose. Talk, that taxpayers, once again, are going to be fleeced and this time to pay for the ANC's Centenary celebrations begs the question, 'Why does government find it possible to squander money on inconsequential matters and impossible to apply finances responsibly by spending it on proper service delivery?'" So asks Rev Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP).

"With the coffers of the ANC apparently being filled daily by those that have benefited from its BEE policy, and with their extensive investment payouts, one would have thought that they would rather waste their own money instead of using what has been earmarked for the creation of jobs and aid to those living in poverty. As long as this matter is not resolved, a cloud will hang over the latest budget. The one hundred million rand irresponsibly spent on a Youth Festival recently still leaves a foul taste in the mouths of all sane South Africans."

"The Christian Democratic Party appeals to those in authority to fight corruption and encourage the proper expenditure of public money by acting strongly against those who transgress, and not merely redeploy them to yet another lucrative position."

**Belatingbetalers dok mop vir ANC se eeufees**

"Sal die ANC oop kaarte speel oor hoeveel die belastingbetalers uiteindelik sal opdok vir die ANC se eeufeesvierings nadat die regering erken het dat die belastingbetalers reeds begin betaal het, en steeds sal opdok? Uit die begroting self is dit onmoontlik om so iets af te lei, aangesien dit onder verskillende items geplaas is en nie as sodanig geïdentifiseer is nie. Dit het egter reeds geblyk dat die belastingbetaler moes pa staan vir 'n konferensie in Addis Abeba as deel van die eeufeesvieringe, asook toelaes aan voltydse amptenare wat afgedeel is om met die voorbereidings te help."

Ons beskou dit as niks minder nie as korrupsie en die misbruik van openbare fondse, en ons doen 'n beroep op die regering om dié praktyk te staak en dit wat reeds gespandeer is, terug te betaal. Hierdie saak opper weer die vraag: 'Hoekom vind die regering dit moontlik om geld op onvanpaste sake te spandeer, maar trek noustrop om geld te vind vir basiese dienslewering?' vra ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP). Met die ANC se bankbalans wat op die oog af daagliks groei danksy hulle wat deur SEB bevoordeel is en deur beleggings van die ANC self, sou 'n mens verwag dat die ANC sy eie fondse sou gebruik, eerder as fondse bedoel vir werkskepping en armoedeverligting. "

"So lank die kwessie nie opgelos word nie, sal 'n wolk oor die jongste begroting bly hang. Die R100 miljoen wat onlangs op die Jeugfees vermors is, laat steeds 'n wrang smaak in die monde van Suid-Afrikaners. Die CDP doen 'n beroep op hulle wat gesagsposisies beklee om korrupsie te beveg en om behoorlike spandering van openbare fondse te bewerkstellig, en om streng teen oortreders op te tree. Dit betekn ook dat hulel nie in ander soustreinposte herontplooi word nie."